

# Die Sewe Kruiswoorde Van Jesus Christus

## EERSTE KRUISWOORD: VERGIFNIS — Lukas 23:34

### MAANDAG:



- **Dink na oor die preek van Sondag en raak bewus van wat jou getref het.**
- **Lees meer oor "om gekruisig te word"...pynlik, vernederend, oor 'n lang tyd, sonder water.**
- **So 'n marteling kon tot vier dae duur, sou jy daarvoor kans gesien het as dit jy was?**

### DINSDAG



- **Kruisiging was net vir kwaaddoeners en rowers. Word stil en dink daaraan dat jou Koning gekruisig is, gely het en verneder is en soos 'n misdadiger behandel is.**
- **Sit 'n kruis naby jou stilword plek neer. Jy moet telkens die kruis sien en herinner word aan Sy lyding vir jou. Neem die kruis en druk dit teen jou hart.**
- **Dink nou na oor die eerste kruiswoord: Vader vergeef hulle...**

### WOENSDAG




- **Watter betekenis het vergifnis vir jou?**
- **Jesus vergewe nie net al die mense wat onreg teenoor Hom gepleeg het nie, Hy vergewe jou nou, op hierdie oomblik, ook.**
- **Waarvoor wil jy graag vergifnis van Jesus vra...jou lewe, sonde, gedagtes, gesindheid, woorde, dade?**

# Donderdag



- Het jy nodig om iemand anders te vergewe. Dis tyd vir diepe nadenke. Jou ouers, familielede, kollegas, vriende, ander ras of vorige verhouding? Dink ernstig en diep.
- Ek hoor dikwels in beradingsgesprekke: Ek kan myself nie vergewe nie! Is jy so 'n persoon? Wat is dit wat jy nou voor die Jesus moet bring en dit in woorde hardop vir Hom moet vertel? Jesus wil jou ook daarvoor vergewe, gebruik die geleentheid. 1 Joh 1 : 9.
- Jesus se eerste woord is vergifnis, dit is die hart van die Evangelie en presies waaroor die Kruisgebeure gaan. Jesus het vir alle mense, vir alle tye, vir alle sonde gesterf, sodat ons verhouding met God herstel kon word en ons vry kan wees. Lees die sin weer.

# Vrydag



- "When you forgive, you in no way change the past, but you sure do change the future" -B. Meltzer. Dink na oor hierdie aanhaling. Sou jy dink dat om te vergewe jou vrymaak en nie dit wat aan jou gedoen is, regmaak of verander nie?
- As jy nou Jesus se vergifnis aanvaar en jy vry geword het, neem nou die besluit om ander ook te vergewe soos Hy. Jy is nou vry en kan aangaan met jou lewe saam met Jesus.
- Dank Hom nou in gebed vir die vergifnis en vryheid wat Hy vir jou moontlik gemaak het.

# Saterdag



- Kyk gerus na die week se vrae en nadenke. Skryf nou in jou joernaal dit neer wat by jou vasgesteek het.
- Herhaal weer die memoriseer vers, Lukas 23:34.
- Praat nou in gebed oor enige iets wat die Gees op jou hart druk.
- Gaan leef nou elke dag met vergifnis - jy is vergewe, gaan vergewe nou ook ander.